


Beste Ouer

Wanneer dit by vakkeuses kom, is daar sóveel opsies dat dit 'n mens heel deurmekaar kan maak. Ons kinders se vakkeuses van vandag beïnvloed hul studierigting van môre, sowel as hul toekomstige beroep. Daarom moet hulle slim kies! Solidariteit se Skoliere-aanbod wil jou as ouer help deur vir leerders 'n vars perspektief op hul toekomstige loopbaanpad te gee.

Solidariteit, in samewerking met Akademia, Sol-Tech en Bo-Karoo Opleiding, het op Donderdag 23 Mei 2024 'n omvattende vakkeuse-webinaar aangebied om jou kind te bemagtig om die beste toekomsgerigte vakkeuses te maak. In dié webinaar het kundiges wat by die **Raad op Gesondheidsberoepe in Suid-Afrika** geregistreer is, die wetenskaplike proses agter vakkeuses bespreek, en ook die verskil tussen belangstelling en aanleg verduidelik en hoe dit saam gaan bepaal watter vakke die beste by jou kind pas.

Klik **hier** om die #Vakkeuse-webinaaropname te kyk!

Enige navrae kan na skolier@solidariteit.co.za gestuur word.

Solidariteit se Skolier-aanbod bied ook 'n **GRATIS** #VakKeuse-videoreeks aan wat leerders verder ondersteun om die regte vakke te kies, hul opsies te verken en ingeligte besluite oor hul toekoms te neem. Die inhoud van die video's is deur onderwyskundiges opgestel en lig leerders meer in oor die inhoud van elke vak, wat hulle kan studeer as hulle die vak neem en tot watter beroepe hierdie vak vir hulle toegang kan gee. Ons vakkeusevideo's is 'n waardevolle hulpmiddel vir enige ouer en kind. Klik **hier** om toegang tot die #VakKeuse-portaal te kry.

Vriendelike groete

**Felicia Richardson**
**Spesialis:** Skoliere
E-pos: skolier@solidariteit.co.za